

**COUNCIL FOR DEBT COLLECTORS
COUNCIL IN TERMS OF ACT 114 OF 1998**

Saakno: 8/6 FLAM01/07

In the matter:

**COUNCIL FOR DEBT COLLECTORS THE COUNCIL
and**

**ALEXANDER FREDERIK FLEMMING RESPONDENT
NOTICE IN TERMS OF REGULATION 7(8)(a) OF THE REGULATIONS
RELATING TO DEBT COLLECTORS, 2003**

WHEREAS: the Council for Debt Collectors received a complaint from Ms. Reyneke acting on behalf of One Stop Earthworks CC;

AND WHEREAS: the Respondent is a registered debt collector in terms of Section 8(1) of the Act, Act 114 of 1998 with Council for debt collectors registration number 0018986/06,

NOW THEN TAKE NOTICE THAT: The Council for Debt Collectors (hereinafter called the Council) as per decision of the Executive Committee of the Council on 19 March 2008, decided to charge the Respondent with the following improper conduct:

CHARGE 1

That during the period October 2006 to date the Respondent acted in contravention of Section 20(2) read with Section 15 of the Act, Act 114 of 1998, by recovering an amount due to the client and failing within a reasonable time to pay over the amount to the person on whose behalf the amount was held and by failing to furnish the monthly exposition of all credits and debits as required, in that:

That you recovered the following amounts from debtors since October 2006 to April 2008.

- a) Machine Business Ventures(16 October 2006) R2500-00
- b) Machine Business Ventures (18 December 2006) R4000-00
- c) Wascon Civils(15 December 2006) R10 000-00
- d) Wascon Civils(12 October 2006) R 10 000-00

You made no payments in respect of the R26 500-00 collected on behalf of your client, nor did you furnish a monthly exposition of these amounts collected from October 2006 to date.

CHARGE 2

That during the period October 2006 to April 2008 the Respondent acted in contravention of Paragraph 7(1) and 7A of the Code of Conduct in that by recovering amounts due to a client and failing within a reasonable time to pay over the amount to the client on whose behalf the amount was being held, the Respondents acted unprofessionally/contrary to the integrity of debt collectors in general. In that you recovered the following amounts from debtors:

- a) Machine Business Ventures(16 October 2006) R2500-00
- b) Machine Business Ventures (18 December 2006)

R4000-00

c) Wascon Civils(15 December 2006) R10 000-00

d) Wascon Civils(12 October 2006) R 10 000-00

You have made no payments of the R 26 500-00 collected.

CHARGE 3

That the debt collector acted in contravention of Section 20(1) of the Act, Act 114 of 1998 by depositing amounts collected on behalf of another into a different account than the trust account opened and maintained by him as a debt collector in that:

On 12 October 2006 and 15 December 2006 two deposits of R10 000 each made made by Wascon Civil into FNB account number 62096186112 for AF Flemming/Scorpion.

The trust account for AF Flemming as furnished to the Council is FNB account number 62118721522.

TAKE FURTHER NOTICE THAT:

a. In terms of Regulation 7(9) you must within 14 days from service of this notice, reply in writing to the charge as set out above, by either admitting or denying the charge. Should you admit guilt the Council will deal with the matter as set out in Section 15(3) of the Debt Collectors Act 114 of 1998.

NOTE In terms of regulations 7(10)(a) this notice should be personally served by the sheriff, or a person designated by the Council. You may however in writing acknowledge the receipt of this notice, and consent to service by fax. Please indicate in writing whether you consent or not.

b. Provide the Council, together with the above mentioned notice, with a physical address where you will accept service of process and notices in this matter.

c. That failure to respond as requested above will not prohibit the Council from continuing with the process as set out in Regulation 7.

ONDERSOEK i.g.v ARTIKEL 15(2), WET 114/ 1998

1. Gehou te PRETORIA op 07 / 07 / 2008 en 20 / 05 / 2009.

2. Onderzoek Komitee (Art 15(2) en Reg 7(1)(a))

Voorsitter **Adv. J. Noeth SC**

Lid **Me R Ferreira**

Lid **Mr W Henegan**

3. Besonderhede van Skuldinvorderaar(s) aangekla

AF FLEMING

Soos per Aanhangsel _____

First Respondent convicted on charges _____

4. Persoon aangestel om getuienis te lei (Reg 7(8)(b)) **Adv A Cornelius**

5. Besonderhede van persone wat namens Skuldinvorderaar(s) verskyn

Alexander Frederick Fleming

6. Klagte(s)

Soos per klagstaat hierby aangeheg.

7. Pleit:

Onskuldig

8. Die verrigtinge word meganies opgeneem

9. Bevinding:

Skuldig : Klagte 1

Skuldig : Klagte

Skuldig : Klagte 3

10. Vonnis:

1. Kragtens artikel 15(3)(e) van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 word die Respondent gelas om 'n bedrag van R2930.00 aan die Raad te betaal vir die koste deur die Raad in verband met die ondersoek opgeloo.

2. Kragtens artikel 15(3)(f) van die Wet word die Respondent beveel om 'n bedrag van R26500.00 aan Mev Nerina Reynecke te betaal, wat deur die gedrag van die skuldinvorderaar met die bedrag benadeel is en om die Raad van die bewys van sodanige skadeloosstelling te voorsien.

Indien enige bedrag op die vasgestelde dag nie betaal is nie, word die volle uitstaande bedrag op daardie datum, onmiddellik betaalbaar.

Uitgestel vir vonnis tot op 19 Augustus 2008.

20 Mei 2009

1. Kragtens artikel 15(3)(c) van die Wet word die drie klagtes saam gevoeg vir doeleindes van vonnis en die Respondent word met R 20 000.00 beboet. R 10 000.00 van die boete word vir 'n tydperk van 5 jaar opgeskort op voorwaarde dat die Respondent nie gedurende die tydperk van opskorting skuldig bevind word aan 'n oortreding van artikel 15 van die Wet nie en voorts dat die bedrae wat kragtens

disciplinary inquiry report 2009

ALEXANDER FREDERIK FLEMMING 2009(1)CDC7

13

hierdie bevel betaalbaar is moet stiptelik op of voor die vasgestelde datums betaal word.

3. Die volle uitstaande bedrag wat aan mev Nerina Reynecke verskuldig is in gevolge die bevel van 7 Julie 2008 moet aan haar voor of op 30 Augustus 2009 betaal word.

4. Dit word voorts gelas dat die Respondent nie weer as 'n skuldinvorderaar kan registreer nie totdat alle verskuldigde bedrae kragtens hierdie bevel ten volle betaal is.

**Council for Debt Collectors
versus
AF Flemming**

7 Julie 2009

JUDGMENT

Mnr Flemming die komiteelede het die getuienis oorweeg, die getuienis in die saak is eenvoudig, u het dit self gehoor wat mev Reynecke getuig het en gesê het dat sy vir jou opdrag gegee het, en sy het vir jou 'n deposito van R2 500,00 gegee en u moes vir haar skuld invorder. Daar is ook bewyse voorgelê dat u wel bedrae ontvang het, bedrae van R10 000,00, R2 500,00 en R4 000,00. U ontken nie dat u die bedrae ontvang het nie, u ontken ook nie dat hierdie bedrae nie oorbetaal is nie, al wat u sê is u het 'n dispuut met haar gehad, en daarom het u dit nie oorbetaal nie.

Maar die getuienis is ook duidelik, en u het ook erken dat u vir haar 'n leuen vertel het toe sy gebel het en gevra het of u geld ontvang het, en toe het u dit nie aan haar erken nie, u het dit ontken, en u het hierdie geld gehou. Aan die einde het u vir my erken gelde in u persoonlike rekening inbetaal is, en nie in die trust rekening nie. Dit is baie duidelik dat daardie gelde nie in die trust rekening inbetaal is wat u aan die Raad opgegee het nie.

Die gevolg is ek en die twee komiteelede is eenparig in ons siening dat u skuldig is aan al drie die klagtes soos uiteengesit, u is skuldig bevind aan klagte 1, klagte 2 en klagte 3.

VONNIS

Mnr Flemming u het gehoor dat artikel 15(3) van die Wet sê:

Indien die Raad 'n skuldinvorderaar aan onbehoorlike bedrag skuldig bevind kan die Raad een van die volgende doen, sy of haar registrasie as 'n skuldinvorderaar intrek, of ons kan jou registrasie vir 'n bepaalde termyn heeltemal opskort of op grond van die vervulling van 'n voorwaarde of voorwaardes opskort.

Artikel 15(3)(c) sê om op hom of haar 'n boete wat nie die voorgeskrewe bedrag oorskry nie oplê, watter boete aan die Raad betaalbaar is. Die Wet sê op elke klagte waaraan u skuldig bevind is kan die Raad 'n boete van R100 000,00 oplê, dit is die maksimum bedrag. Ek dink klagtes 1 en 2 hou met dieselfde aangeleentheid verband, en ek dink ek sal dit met die komiteelede bespreek, ons sal dit dalk moet saamneem vir doeleindes van vonnis. Dit is dan eintlik 'n boete vir dieselfde transaksie in dieselfde bedrag, so ek sal nie vir doeleindes van vonnis dit as twee aparte oortredings beskou nie. Klagte 3 is dan 'n aparte aangeleentheid waar u dit in die verkeerde rekening inbetaal het, wat u gesê het u eie rekening is. So die Raad kan nie op elkeen van daardie 'n R100 000,00 oplê, dit is die maksimum. Dan sê hy artikel 15(3)(d) om hom of haar tereg wys,

met ander woorde ons moet net sê u moet dit nie weer doen nie, en u moet versigtig wees hoe u die gelde van die persone wat u moet verhaal, hoe u dit hanteer. En dan 15(3)(e), die koste deur die Raad in verband met die ondersoek opgeloo van hom of haar verhaal.

Nou die Raad word nie deur die staat gefinansier nie, hy word deur skuldinvorderaars gefinansier, en die gevolg is dat die koste van so 'n ondersoek in die verhoor kan ingevolge hierdie artikel van u verhaal word. Die rede daarvoor is dat ons kry nie enige finansiering van die staat nie, en die ander skuldinvorderaars sê vir ons: julle kan nie ons gelde wat ons aan die Raad betaal gebruik om aan te wend nie om sake te ondersoek waar ander persone oortree nie. Met ander woorde julle moet daardie koste van die persoon verhaal wat die oortreding gepleeg het.

Ons kan dit natuurlik slegs doen as ons 'n skuldigbevinding uitbring, en in hierdie geval is daar 'n skuldigbevinding uitgebring, en die eerstens word daar 'n waarskuwing uitgereik deur die Raad dat u daardie R2 933,00, die R833,00 is vir die eerste datum, en dan vandag se koste is R2 100,00 gesamentlik R2 933,00 wat u aan die Raad moet terugbetaal voor of op 'n bepaalde datum.

En dan 15(3)(f) aan hom of haar beveel om enige persoon ten aansien van wie Raad oortuig het dat hy of sy deur die gedrag van sodanige skuldinvorderaar benadeel is, skadeloos te stel en om die Raad van sodanige bewys van sodanige skadeloosstelling binne 'n bepaalde tydperk te voorsien.

So hier is nou drie aangeleenthede wat hier ter sprake kom. Ek wil eerstens net vir u sê dit is 'n baie ernstige oortreding om geld te vorder namens iemand anders en dit nie oor te betaal nie. Die Wet is baie duidelik soos ek reeds uitgelees het, daardie geld wat u kry moet onmiddellik in 'n trust rekening inbetaal word wat u in hierdie geval nie gedoen het nie, en dan moet u dit dadelik oorbetal aan die persoon aan wie dit toekom. In hierdie geval is dit mev Reynecke, u was bewus daarvan, u het die geld teruggehou, so dit is 'n baie ernstige oortreding, maar daarmee sal ek handel wanneer ek by die boete kom.

Ek gelas dan ingevolge artikel 15(3)(e) dat u 'n bedrag van R2 933,00, maak dit R2 930,00 om 'n ronde bedrag te maak, aan die Raad betaal in twee paaiemente. Die eerste paaiement is voor of op 7 Augustus, die helfte van daardie bedrag is R1 465,00 en die tweede een voor of op 7 September 2008. Nou u moet net onthou as u nie daardie eerste paaiement op die datum betaal dan sal dit beteken dat die volle bedrag onmiddellik betaalbaar is, dan gaan ons nie wag tot September vir die volgende nie, u sal onmiddellik die volle bedrag moet betaal. So jy moet nou hierdie datums aanteken, en jy moet verseker dat daardie geld voor of op daardie datum in die Raad se rekening is.

En die tweede aangeleentheid is hierdie bedrag van R26500,00 wat mev Reynecke se geld is en wat nie aan haar oorbetal is nie. Ek wil net weer sê die Raad kan gelas om so 'n persoon skadeloos te stel en die bewys van sodanige skadeloosstelling binne 'n bepaalde tydperk voorsien.

So die bedrag moet terugbetaal word ingevolge kragtens artikel 15(3)(n) wat jy die bedrag van R26 500,00 aan mev Reynecke betaal, en die bedrag soos volg betaal word. U betaal R2 500,00 terug voor of op 7 Oktober.

Goed, nou wat die kwessie van vonnis betref, die artikel sê uitdruklik, dit sê skade en bewys van sodanige skadeloosstelling binne 'n bepaalde tydperk te voorsien. So jy moet dit eers oorbetal en jy moet vir my kom bewys dan gaan ons vonnis oorweeg. So ek gaan nou die saak uitstel vir ses maande van nou af en sien hoe vorder die betalings. As die betalings op datum is, adv Cornelius, dan kan u vir ons laat weet, jy hoef nie

terug te kom nie, as daar nie betalings is soos hier voorgestel is nie of enige vroeër datum, dan moet jy onmiddellik voor ons verskyn en dan sal ons die vonnis oorweeg.

Met ander woorde ons wil eers die betaling sien aan mev Reynecke, as dit klaar gemaak het, dan sal ons vonnis oorweeg. As jy betaling gereeld maak of as jy dit vroeër maak soos wat hier aangedui dan sal ek 'n versagte vonnis oplê.

Weet jy dit nou, het jy al die datums nou, so dit is 7 Oktober, 7 November, 7 Desember, 7 Januarie 2009, 7 Februarie 2009, 7 Maart 2009, 7 April 2009, 7 Mei 2009 en 7 Junie 2009, 7 Julie 2009, en dan 'n laaste een voor of op 7 Augustus 2009 van R1 500,00. Is dit vir jou duidelik?

Dit is nou die bedrae wat jy moet terugbetaal aan haar, en daarna sal jy terugkom vir vonnis. Ons gaan jou nie nou vonnis nie, ek wil eers die bewyse sien dat jy oorbetal het, en dan gaan ons die vonnis oplê. Goed, ons gaan nou die saak vir ses maande uitstel, gee vir my 'n datum ses maande vorentoe.

Ja, die saak is dan uitgestel tot 19de Januarie 2009, en as jy die betalings gereeld maak dan hoef jy nie terug te kom nie, dit is net adv Cornelius, maar as jy nie gereeld maak nie, as jy enige van hierdie goed nie op die bepaalde dag betaal nie, sê 6 November, dan sal jy onmiddellik terug moet kom, dan gaan die Raad jou vonnis, en dan gaan ek 'n verswarende vonnis oplê.

Goed, die saak is dan uitgestel behalwe vir die vonnis wat ek nou opgelê het, vir die finale vonnis vir die 19de Januarie 2009. Mnr Flemming ek wil vir jou baie mooi vra, ek hoop nie daar is ander persone waar jy ook die geld in jou persoonlike rekening betaal het nie, want dit is 'n baie baie ernstige oortreding.

Adv Cornelius het gevra ek moet nie jou sertifikaat terugtrek nie, maar as dit weer gebeur, sal die Raad ernstige oorweging daaraan skenk om jou sertifikaat terug te trek as 'n skuldinvorderaar. Ons kan nie toelaat dat daar skuldinvorderaars is wat geld van die publiek vat en dit nie oorbetal aan wie dit toekom nie, en ek sien dit nou al hoe meer gebeur.

Voortsetting 19 Januarie 2009

Dit is 'n voortsetting van die aangeleentheid die Raad teen AF Flemming. As ek reg onthou het ons op 7 Julie sekere aspekte van die vonnis afgehandel, daar was twee bevel gemaak. Die eerste een was dat mnr Flemming moes ingevolge artikel 15(3) 'n bedrag van R2 930,00 aan die Raad oorbetal in twee paaiemente op die 7de Augustus en die 7de September 2008, en dan kragtens artikel 15(3)(f) moes hy aan mev Nerina Reynecke 'n bedrag van R26 500,00 terugbetaal.

Ons het nog nie finaal vonnis opgelê in die aangeleentheid nie, en daardie bedrag was betaalbaar in paaiemente van R2500,00 op 7 Oktober, 7 November, 7 Desember, 7 Januarie, 7 Februarie en dit sou aanloop tot die 7de Julie R2 500,00 en 7 Augustus was R1 500,00. So ons het die saak uitgestel om te sien hoe die aangeleentheid vorder.

Ek wil net iets anders onder jou aandag bring. Deel van hierdie bevel teen jou is indien enige bedrag op die vasgestelde dag nie betaal is nie word die volle uitstaande bedrag op daardie datum onmiddellik betaalbaar. So as jy nie November s'n betaal het nie, moes jy nou die volle bedrag betaal het al.

Hierdie is 'n bevel, hy is in skrif, ek het dit vir jou uitgelees en jy het daarmee akkoord gegaan. Nou vanoggend sê jy vir my jy het net R2 500,00 betaal op die hele bedrag as ek jou reg verstaan.

Wel jy moes nou al November betaal het, Desember en jy moes Januarie, so dit is drie maande wat jy nie betaal het nie, ons is nou al by Februarie, nee, vier.

Maar Februarie is al die 26ste Februarie en jy moes die 7de al betaal het, dit is die bevel, jy moet op die 7de van elke maand betaal, so jy moes Februarie al betaal het. So jy is vier betalings agter, jy is R10 000,00 agter. Dit is 'n bevel van hierdie komitee wat jy moes nagekom het en waarmee jy ooreengekom het. Hier is 'n bevel van hierdie komitee wat nagekom moet word, en ek sê nou vir jou vanoggend as gevolg van die feit dat jy dit nie nagekom het nie, dit is 'n uitdruklike voorwaarde, indien jy een paaiement nie betaal het nie dan is die volle bedrag vandag betaalbaar. So ek moet van daardie R26 500,00 moet ek R2 500,00 aftrek so daar is R24 000,00 wat jy vandag moet betaal. Jy kan nie van hierdie hofbevel afwyk nie. Jy besluit wanneer jy gaan betaal, dit maak nie saak wat die komitee besluit het nie, op jou eie. Vergeet hierdie komitee se bevel, die komitee het 'n bevel gemaak waarmee jy ooreengestem het, jy het vir my gevra gee vir my paaiemente teen soveel, soveel, soveel. Ons het jou tegemoet gekom, nou vanoggend sit ons weer hier en jy ignoreer net daardie bevel. Die enigste oplossing wat ek het is trek jou sertifikaat in, en ek gaan lê beslag op jou trust rekening en dit is die einde van jou besigheid. Ek wil jou nie uit besigheid sit nie maar dit is jou keuse, jy het daardie besluit geneem nie ek nie. Jy moet net uitdruklik een ding verstaan, as hierdie komitee 'n bevel gemaak het waarmee jy saamgestem het, dan kan jy en jou prokureur nie op julle eie ander besluite neem nie, hierdie is 'n hofbevel.

Dit is 'n absolute hofbevel en jy besluit jy gaan dit net ignoreer van November maand af, jy gaan nie betaal nie, jy gaan nie Desember betaal nie, jy gaan nie Januarie betaal nie, jy gaan nie Februarie betaal nie. Hier sit die komitee, ons is hier om die publiek te beskerm. Die feit bly staan jy het hierdie geld gevat, jy het hierdie geld gevat wat jy moes oorbetal aan daardie dame en jy het dit nie oorbetal nie. Ons het die getuienis gehoor, dit is trust geld jy het geen reg gehad om dit te hou nie. As ek daardie dame is gaan lê ek 'n klagte van diefstal teen jou, want dit is wat in werklikheid gebeur het. Hierdie Raad is om te kyk dat daardie goed nie gebeur nie.

Maar meneer, jy moes al die 7de November die tweede paaiement betaal het, Desember, Januarie, Februarie, dit is vier maande later, en jy het nog nie reëlins met jou prokureur getref nie. Nou wil jy nog ses weke uitstel hê. Intussen sit daardie kliënt van wie jy die geld gevat het sonder haar geld. Ek het jou nie eers gelas om rente op hierdie bedrag te betaal nie, wat ek in elk geval moes gedoen het, maar ek het dit nie gedoen nie. Maar ek gaan jou nie toelaat dat jy op jou eie besluit wanneer jy hierdie bedrae wil betaal nie.

Ek gaan jou nie nog ses weke gee nie, jy het genoeg tyd gehad, jy moet onmiddellik gaan en met jou prokureur praat en besluit wanneer dit, verduidelik aan hom die volle uitstaande bedrag is nou betaalbaar, maar ek gaan jou nie ses weke gee nie. Mev Ferreira het nou met groot moeite hierna toe gekom, ek weet sy het baie druk by haar werk, ek wou eintlik die saak laat afstaan dat jy met jou prokureur kan gaan gesels, maar ek weet sy is haastig om terug te gaan.

So wat ek nou wil voorstel, ek wil net hoor by julle of julle akkoord gaan, ek gee jou tot Maandag tyd om met jou prokureur te praat en om met adv Cornelius 'n reëling te tref hoe jy hierdie geld betaal, maar ek soek die volle R24 000,00. As jy anders wil besluit dan moet jy die agterstallige bedrag nou ten volle betaal, dit is R10 000,00, en dan moet jy die ander goed absoluut nakom op elke dag. Onthou ons moet jou nog vonnis. As jy die bevel nakom kan ek dit ter versagting neem maar as dit jou gesindheid is dan sal ek ernstig oorweeg om jou sertifikaat in te trek.

Ek kan nie iemand toelaat nie meneer, jy moet dit verstaan, dat jy die publiek se geld vat, jy steek dit in jou eie sak nie, dit is waarvoor hierdie Raad hier is, en

dan moet ons sukkel om daardie geld uit jou uit te kry. Dit is trust geld. So sal jy teen Maandag reël met adv Cornelius en dan kan hy vir my sê, en dan sal ek met my komiteedele 'n nuwe datum reël wanneer jy hier moet wees. Miskien moet ons nou op 'n datum besluit dat jy in elk geval hier moet wees.

09:00 die oggend, dan wil ek die bewyse hê van betaling. Jy kan nie 'n bevel op jou eie ignoreer nie en ek sal dit nie toelaat nie, al wat ek dan by jou wil hoor as jy dit nie betaal het nie is hoekom jou sertifikaat nie ingetrek moet word nie. Dit is nie een van die vonnisse wat ek oorweeg het aanvanklik nie, maar as jy nie die bevel wil nakom nie en wil nie daardie geld terugbetaal nie, dan gaan ek oorweeg om jou sertifikaat in te trek.

Die saak is dan uitgestel tot die 18de Maart.

20 May 2009

Die saak voor die Raad is dat jy R 26 500.00 van haar gevat het wat jy nie aan haar oorbetal het nie. Toe is daar 'n bevel gemaak waarmee jy saamgestem het. Jy gaan haar R 2 500.00 'n maand betaal, jy betaal dit tot Februarie en toe staak jy. Toe was jy die vorige keer voor my en ek het jou gevra hoekom het jy dit nie gedoen nie toe sê jy, jy wil jou prokureur gaan sien. Die saak is toe uitgestel vir vandag vir 'n regsvertegenwoordiger. Vandag is ons presies waar ons laas was, ons het nie 'n tree gevorder nie. Die feit bly, jy het iemand anders se geld gevat waarop jy nie geregtig is nie en as 'n skuldinvorderaar sit jy in 'n posisie met 'n trust. Jy het geen reg om daardie geld te vat nie, daardie geld moes in 'n trustrekening in gewees het en aan haar oorbetal word. Die Wet is baie duidelik daarvoor. Jy het dit nie gedoen nie. Jy sit nog hierso en jy betaal nie die geld terug nie. Ek kan nie die bevel verander nie. Hierdie is 'n bevel van die Raad. Net 'n hof kan hom verander. Hierdie bevel staan so en ons kan hom nie vandag verander nie. Ons het daardie bevel uitgereik met jou toestemming so daar is nie 'n manier hoe ek daardie bevel kan verander nie. Jy is nou al 'n klomp geld agterstallig. Ek gaan jou vonnis vandag. Jy het ander mense se geld gevat. Jy het genoeg geleentheid gehad en ek gaan die saak afhandel.

VONNIS

Ons was baie billik met jou gewees. Ons het jou verskeie uitstelle gegee om hierdie saak reg te stel waar jy iemand anders se geld gevat het en dit nie teruggegee het nie. Ongelukkig kan die Raad dit nie duld nie dat jy mense se geld vat en dit nie terugbetaal nie. Nou lyk dit vir my jy is nogsteeds besig om skuldinvordering te doen terwyl jy nie geregistreer is nie. Dit is 'n nog verdere kriminele oortreding en jy gaan weer aangekla word voor hierdie Raad. As jy geld vorder vir iemand anders dan is jy 'n skuldinvorderaar en as jy nie geregistreer is nie pleeg jy 'n kriminele oortreding.

Hierdie mev. Reinecke se geld het jy nie terugbetaal nie. Jy het hierdie Raad se bevel geignoreer. Ek het vir jou geleentheid gegee laas ek het vir jou uitstel gegee en ons is eenparig ons kan jou nie daar buite toelaat as jy ander mense se geld vat en in jou sak steek nie. Dit is waarvoor hierdie Raad daarvoor ingestel is om daarna te kyk. Daar is onskuldige publiek en hulle gee jou die geld op sterkte van jou sertifikaat, jy vat dit en steek dit in jou sak en dan weier jy om dit terug te betaal. Ons kan nie sulke mense toelaat in die skuldinvorderingsbedryf nie. Jy kan nie meer 'n skuldinvorderaar wees nie. Jy het nie daardie geld betaal nie. Die boete wat ek jou oplê is R 20 000.00 waarvan ek R 10 000.00 opskort op voorwaarde dat jy daardie bedrag aan Nerine Reynecke betaal ten volle op of voor 30 Augustus 2009. En as jy dit nie betaal nie dan tree dit in werking. En die tweede aspek is as jy nie daardie bedrag betaal het nie kan daar nooit weer 'n skuldinvorderingsertifikaat aan jou

uitgereik word nie. Jy het die Raad se koste oorbetaal, maar nie die volle R 26 500.00 aan Nerine Reynecke nie. Dit is 'n opskortende voorwaarde, met ander woorde jy word met R 20 000.00 beboet, R 10 000.00 word opgeskort en dan moet jy R 10 000.00 aan die Raad betaal. Dit is nie opgeskort nie. Die bedrag van R 10 000.00 moet voor of op 30 Junie 2009 aan die Raad betaal word. Ek gee jou verlengings van tydperke en jy steur jou nie daaraan nie. Dit is my probleem met jou. Hier het ek datums vir jou geskryf wat jy elke bedrag moet betaal jy het dit net geignoreer.

Gevolge artikel 15(3)(c) word jy verder beboet met 'n bedrag van R 20 000.00. Jy is reeds skuldig bevind dat jy bedrae vorder wat jy nie in jou trustrekening inbetaal nie.

Ek skort R 10 000.00 daarvan op. R 10 000.00 aan die Raad van die boete wat jy moet betaal moet jy voor of op 30 Junie 2009 betaal. En die ander R 10 000.00 is opgeskort op die uitdruklike voorwaarde dat jy mev. Nerine Reynecke voor 30 Augustus 2009 die volle bedrag van R 26 500.00 betaal. Dit is 'n verdere voorwaarde van hierdie opskorting dat tot tyd en wyl jy hierdie twee bedrae betaal het kan jy nie weer registreer as 'n skuldinvorderaar nie. Jy kan aansoek doen, maar ons sal dit weier. As jy dit môre alles betaal dan kan jy aansoek doen.

Die R 10 000.00 is ek bereid om in twee paaiemente vir jou te gee. Die een moet jy betaal op 30 Junie 2009, R 5 000.00 en die ander R 5 000.00 moet jy betaal teen 30 Augustus 2009. Dan moet jy sorg dat die R 26 500.00 betaal is plus die R 5 000.00. Jy is uit die bedryf uit tensy jy die bedrae onmiddellik betaal.